Valleisig LeefKerk 2018 | Familiebediening

Ons droom van ‘n familiebediening! Familie is vir ons belangrik, nie net die huisgesin nie, maar die hele kerkfamilie. Ons is almal kinders van God en deel van hierdie familie. In die intieme ruimte van die familie moet ons mekaar liefhê en bedien en ook saam as ‘n familie die wêreld. Jongmense het ‘n sentrale plek in hierdie familie van medegelowiges. Hulle is nie die kerk van môre nie, maar die kerk van vandag. Daarom is bediening nie net *aan* jongmense nie, maar *saam met* jongmense. Daarom praat ons van familiebediening en nie jeugbediening nie, want dit sluit alle ouderdomsgroepe in, van pasgebore babas tot oumas en oupas en enkellopendes. Hierdie bediening volg dus ‘n holistiese benadering – almal het ‘n rol.

Ons droom van ‘n bediening wat begin by ‘n jongmense se geboorte en doop – waar hulle verwelkom word by die familie! ‘n Bediening wat saam met jongmense reis en deel is van al die groot en belangrike momente (oorgangsfases). ‘n Familie wat saam feesvier!

Ons droom van ‘n bediening wat aktief deel is van God se koninkryk. ‘n Bediening met ‘n missionale vertrekpunt – met ‘n klem op hoe jongmense (ongeag hulle ouderdom) dissipels/volgelinge van Jesus kan wees in hulle alledaagse lewe.

Hierdie bediening fokus op al die verskillende aspekte van jongmense se geloofsontwikkeling. Dit is belangrik dat jongmense geestelik groei en ontwikkel (met hart en siel), bewus is van die *groot storie van God* waarin ons onsself ook bevind (met verstand) en hulle, hulle geloof gaan uitleef in die wêreld (met liggaam).

Ons familiebedienig word in 'bedieningsfases' opgedeel:

Babas & Kleuters LeefKerk (Voorskool, 0-5 jariges)

Bababediening (0-2 jariges)
Babas kan al van 6 maande af geleer word van God. Tussen die ouderdom van 6 maande en 2 jaar ontwikkel jongmense die vinnigste. Wat leer ons vir hulle van God in hierdie eerste twee jaar? Hoe rus ons ouers (veral eerste ouers) toe om hulle kinders te leer en te vorm?

Bedieninge:

- **Bababediening**
- **Ouer toerusting**
- **Ouer ondersteuning**
- **Gebedsgroep**
- **Doop-bediening**

Kontakpersoon:

- **Martha van Rooyen – 084 580 4271**

Kleuterbediening (3-5 jariges)
Kleuters word bedien deur van God te leer op 'n baie basiese vlak, daar word veral van hulle sintuie gebruik gemaak om hulle te help verstaan en te integreer. Die jongmense kry 'n kans om stories uit die Bybel te hoor en op 'n kreatiewe manier dit deel te maak van hulle eie storie. Kleuters moet ook ervaar dat hulle deel is van 'n familie van gelowiges en word veral gevorm deur die indruk wat kleuterkerk jeugleiers op hulle maak. Kleuters kan self ook bedien, deur te leer om goed te doen "vir God".

Bedieninge:

- **Kleuterkerk**
- **Bediening aan die gemeente/gemeenskap**
- **Ouer toerusting**
- **Ouer ondersteuning**
- **Gebedsgroep**

Kontakpersoon:

- **Marelize Ferreira – 084 506 6612**

Kinders LeefKerk (Laerskool, 6-13 jariges)

Graad R-6 (6-12 jariges)
Hierdie jongmense word geleer van God se 'groot storie' en hoe hulle daarin pas, word gevorm deur die invloed van hulle jeugeiers/predikante/familie/onderwysers, en bedien deur deel te neem aan uitreike en gemeente aktiwiteite.

Bedieninge:

- **Eredienste**
- **Kontaksessies**
- **Grootgroep-sessies**
- **Kinderpinkster**
- **Bediening aan die gemeente/gemeenskap**
- **Graad 1 Sondag**
- **Ouer toerusting**
- **Ouer ondersteuning**

Kontakpersoon:

- **Elsabé Dique – 072 990 8831**

Graad 7 (13 jariges)
'n Belangrike tyd in jongmense se lewe. Jongmense moet voorberei word vir hoërskool en die uitdagings wat daarmee saamgaan. Hoe leef mens jou geloof uit te midde van die druk van skoolwerk, sport en vriende?

Bedieninge:

- **Eredienste**
- **Kontaksessies**
- **Grootgroep-sessies**
- **Kinderpinkster**
- **Bediening aan die gemeente/gemeenskap**
- **Graad 7 Sondag**
- **Ouer toerusting**
- **Ouer ondersteuning**
- **Graad 7 kamp**

Kontakpersoon:

- **Elsabé Dique – 072 990 8831**

Tieners LeefKerk (14-18 jariges)

Graad 8-10 (14-16 jariges)
Die vorming van jongmense te midde van druk en besige lewens.

Bedieninge:

- **Eredienste**
- **Kontaksessies**
- **Kinderpinkster**
- **Bediening aan die gemeente/gemeenskap**
- **Ouer toerusting**
- **Ouer ondersteuning**
- **T.O. Strand**
- **Seekamp**
- **Ohrigstad-uitreik**

Kontakpersoon: **Marilene Funk – 082 371 6402**

Belydenisgroep (17 jariges)
Hierdie groep jongmense neem tot ‘n groot mate verantwoordelikheid vir hulle eie geloofsvorming.

Bedieninge:

- **Eredienste**
- **Kontaksessies**
- **Kinderpinkster**
- **Bediening aan die gemeente/gemeenskap**
- **Ouer toerusting**
- **Ouer ondersteuning**
- **Mentorskap**
- **Belydeniskamp**
- **T.O. Strand**
- **Seekamp**
- **Ohrigstad-uitreik**
- **Mozambiek-uitreik**

Kontakpersoon: **Marilene Funk – 082 371 6402**

Matrieks (18 jariges)
Hierdie groep jongmense gaan raak maklik “weg” en moet op ‘n manier weer inskakel by ‘n bediening.

Bedieninge:

- **Belydenisaflegging**
- **Jeugleiers**

Kontakpersoon: **Marilene Funk – 082 371 6402**

Jeugleiers LeefKerk

Jeugleiers
Hierdie groep mense is belangrike rolmodelle vir jongmense en fokus op verhoudingsbou eerder as om inligting oor te dra. Dit is belangrik om in die jeugleiers te belê en hulle te versorg en ondersteun, sodat hulle in die jongmense kan belê en hulle kan versorg en ondersteun.

Bedieninge:

- **Jeugleiersdag**
- **Kontaksessies**
- **Jeugleiers Retraite**

Kontakpersoon:

- **Doret Niemandt – 071 204 0584**

Valleisig LeefKerk

Hierdie bedieninge betrek die hele famlie, alle ouderdomsgroepe, en is gesamentlike bedieninge.

Bedieninge:

- **Kinderkarnaval**
- **Gesinsdag/Braaidag**
- **Oupa en Ouma Sondag**
- **“Date Night”**
- **Verjaarsdag-bediening**
- **Doopverjaarsdag-bediening**

Kontakpersoon:

- **Doret Niemandt – 071 204 0584**